# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 14

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die ... Gees aangeneem het. So is Hy tegelykerty... ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy ... gelyk, behalwe die sonde.



Vraag 36: Wa... ...ut verkry jy uit die heilige ontvangenis e... ...orte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Midd... is, en met sy onskuld en volkome heiligheid ...nde waarin ek ...bore is, voor God b...

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is



Johannes 1:1: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Johannes 17:3: En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.

Romeine 1:3: aangaande sy Seun – wat na die liggaam uit die nageslag van Dawid gebore is,

Kolossense 1:15: Die Seun is die beeld van die onsigbare God, die Eersgeborene oor die hele skepping;

1 Johannes 5:20: En ons weet dat die Seun van God gekom het, en aan ons verstand gegee het sodat ons die Waaragtige kan ken, en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 14

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly,



Romeine 9:5: aan hulle behoort die voorvaders, en uit hulle het ook die Christus as mens gekom – Hy wat God bo alles is, lofwaardig vir ewig!

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 14

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?



Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria

Lukas 1:31: Kyk, jy sal swanger word en aan 'n seun geboorte skenk. Jy moet Hom Jesus noem.

Lukas 1:42-43: “Geseënd is jy onder die vroue! Geseënd is die vrug van jou moederskoot! Wie is ek, dat die moeder van my Here na my toe kom?

Galasiërs 4:4: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?



Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het.

Matteus 1:18: Die geboorte van Jesus Christus het só gebeur. Toe Maria, sy moeder, reeds aan Josef verloof was, maar nog voordat hulle gemeenskap gehad het, het dit geblyk dat sy swanger geraak het uit die Heilige Gees.

Matteus 1:20: Terwyl hy daaroor nagedink het, het daar skielik 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees.

Lukas 1:35: Die engel het haar geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Kind wat gebore word, heilig wees; Hy sal Seun van God genoem word.

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?



Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vles en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk,

Filippense 2:7: deur elkeen nie net na sy eie belange om te sien nie, maar ook na dié van ander.

Hebreërs 2:14: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak,

Hebreërs 2:17: Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes.

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?



Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, , in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde.

Hebreërs 4:15: Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het.

Hebreërs 7:26-27: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is, wat, anders as die hoëpriesters, nie elke dag nodig het om eers ter wille van hulle eie sondes offers te bring, en daarna vir die volk nie. Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as 'n offer gebring het.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is,



1 Timoteus 2:5: Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus,

Hebreërs 2:16-18: Want Hy is vir seker nie oor engele besorg nie; inteendeel, Hy is oor Abraham se nageslag besorg. Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes. Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek is, is Hy in staat om dié wat versoek word, te help.

Hebreërs 7:26-27: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is, wat, anders as die hoëpriesters, nie elke dag nodig het om eers ter wille van hulle eie sondes offers te bring, en daarna vir die volk nie. Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as 'n offer gebring het.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 14

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is, en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.



Psalm 32:1: Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.

Jesaja 53:11: Ná die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien; Hy sal versadig wees aan sy kennis. "My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai.

Romeine 8:3-4: Dit waartoe die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van 'n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel, sodat die vereiste van die wet in ons vervul kon word, ons wat nie volgens ons sondige aard leef nie, maar volgens die Gees

1 Korintiërs 1:30-31: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding. Daarom, soos daar geskryf staan: "Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here."

Galasiërs 4:4-5: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem6 kon word.

1 Petrus 1:18-19: Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie,

1 Petrus 3:18: 18 Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is, en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.

## SONDAG: 14 - VRAAG EN ANTWOORD: 35

Vraag : Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?
Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is[1] en bly[2], die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria[3] deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het[4]. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid[5], in alles aan sy broers gelyk[6], behalwe die sonde[7].

1 Johannes 1:1; Johannes 17:3; Romeine 1:3; Kolossense 1:15; 1 Johannes 5:20
2 Romeine 9:5
3 Lukas 1:31; Lukas 1:42-43; Galasiërs 4:4
4 Matteus 1:18; Matteus 1:20; Lukas 1:35
5 2 Samuel 7:12; Psalm 132:11; Matteus 1:1; Lukas 1:32; Handelinge 2:30; Romeine 1:3
6 Filippense 2:7; Hebreërs 2:14; Hebreërs 2:17
7 Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26-27

## SONDAG: 14 - VRAAG EN ANTWOORD: 36

Vraag: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?
Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is[1], en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek[2].

1 1 Timoteus 2:5; Hebreërs 2:16-18; Hebreërs 7:26-27
2 Psalm 32:1; Jesaja 53:11; Romeine 8:3-4; 1 Korintiërs 1:30-31; Galasiërs 4:4-5; 1 Petrus 1:18-19; 1 Petrus 3:18